



JAKARANDA e-KAMP



VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: e-Beeldende Kunste

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com, om op FB te laai. Bo alles – GENIET DIT!

DAG 1 Teken & verf verskillende tipes honde – ook op verskillende maniere (Hou dit eenvoudig)	DAG 2 Teken/verf verskillende tipes katte – ook op verskillende maniere (Hou dit eenvoudig)	DAG 3 Verf 'n papier met voedsel kleursel en gebruik 'n sosatie stokkie / oorstokkie om met kolletjies 'n prent te voltooi.	DAG 4 Vingerverf: Maak sneeumanne met jou duim en wysvinger. Teken die wortelneus, oë en arms met 'n pen.	DAG 5 Teken 'n aandprent van 'n woud of die grasvelde. Mag dus slegs die skaduwees maak. Swart op bruin papier.
DAG 6 Vou 'n sirkelpapier 3 keer in die helfde en sny patrone uit. Maak oop. Plaas op kleur papier (self gemaak of gekoop) en plak vas.	DAG 7 Vingerverf: Maak 'n pikkewyn met duim, wysvinger en pinkie. Teken bekkie in.	DAG 8 Teken 'n hele prent met een lyn. Jy mag nie jou hand ophig nie – slegs sodra jy klaar is.	DAG 9 Blaas verf met 'n strootjie. Kan 'n kaal boom / chemiese ontploffing wees.	DAG 10 Drukkuns: Plak tou op 'n karton, bedek met foelie (plak dit vas oor die tou en karton) Verf op die foelie oor die tou en druk. Jy het jou eie stensil gemaak..
DAG 11 Vingerverf: Gebruik jou vingers om 'n tuin se insekte te maak. Teken/ verf blare Vinger druk blomme skoenlappers, spinnekoppe, wurms ens.	DAG 12 Gebruik koerant papier, sny die verskillende dele uit om 'n kasteel te kan maak.	DAG 13 Gebruik klein blokkies gekleurde papier en maak 'n mosaiek prentjie.	DAG 14 Skeur prente uit 'n tydskrif of advertensies en maak 'n nuwe prent.	DAG 15 Sit êrens en teken wat jy sien. Let op skaduwee's en ligter dele.
DAG 16 Gebruik 'n toilet rol om vuurwerke / blomme / blare te druk.	DAG 17 Kies iets kleins (nie groter as 5cm x 5 cm en teken sodat dit 'n hele A4 bladsy vol is. Let op "detail".	DAG 18 Gebruik slegs geel, blou en rooi kleur potlode om 'n blom / vlinder te kleur deur slegs lyntjies te trek (nie in kleur nie).	DAG 19 Kerf 'n beeldjie uit 'n blok sunlight wasgoed seep. (maak seker dit is sag – wees versigtig, moet nie na jou sny nie en sny klein deeltjies af).	DAG 20 Teken 'n boom. Deel in die helfde: maak twee verskillende seisoene vir die twee helfdes. Teken met wit kryt en verf oor dit (probeer verskillende kleure kryt vir verskillende effekte)

Indien jy nie verf het nie kan jy gebruik maak van voedselkleursel in water of waterpotlode, water oplosbare kookis.

Indien jy nie verfkwassies het nie kan spons gebruik word, sny 'n stukkie van 'n skottelgoed sponsie af om te kan gebruik. Onthou net dat te veel water papier sag maak.

Veels geluk!! Jy het die e-Beeldende Kunste (gr 6) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!
Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.